

Woensdag 25 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2

Fokusgedeelte: Openbaring 2:10

Getrouheid tot die dood toe loop uit op die kroon van die lewe (2)

Kersfees! Die dag toe die Verlosser gebore is wat die dood en al sy vriende kom vernietig het, sodat ons vir ewig volmaak kan lewe.

Oor die algemeen is ons almal bang vir die dood. Maar dood is nie vernietiging nie, en dit is ook nie uitwissing nie. Die dood was in die Ou Testament die straf wat die Here oor ons sondes uitgespreek het, maar dit het verander: die Here Jesus het hierdie straf kom dra en vir ons 'n herskepte lewe in volmaaktheid kom verwerf. Daarom kan Paulus uitroep: *Dood, waar is jou angel?* Ons behoort tot in ons dood aan die Here. Die Here bewaar en beskerm ons ook daar. Jesus Christus sê self in Johannes 11:25: *Wie in my glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.* Ons het dus die oorwinning oor die dood in Jesus Christus.

Hy is ook deur die dood. Maar Hy het nie in die dood gebly nie. Hy beloof aan elkeen wat in Hom en sy verlossing glo dat Hy ons uit die dood sal laat opstaan om tot in ewigheid in God se koninkryk te lewe. Ons Here Jesus beloof dat ons daar met heerlikheid en saligheid bekleed sal wees.

Ons glo wat God beloof: Alle gelowiges – ook ons – word deur die borgtogtelike lyde en dood van Jesus Christus beskerm, en vir die ewigheid bestem. So was dit met die gemeente van Smirna: hulle gees is ryk omdat hulle die Here as Verlosser aanbid het.

Die verantwoordelikheid om in hierdie geloof te volhard, rus steeds op ons wat nog lewe: Wees getrou tot die dood toe! Ons geloofsversekering word juis ook gedra deur ons getrouheid, wat God die Heilige Gees in ons werk. Mag u deur God die Heilige Gees vertroos wees.

Sing: Psalm 42-1:1, 5

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)